

**Donderdag 24 Mei**

**Skrifgedeelte: Jakobus 2:14-26**

**Fokusgedeelte: Jakobus 2:26**

## Haal jou geloof asem?

Gelowiges neig na twee uiterstes: onderbeklemtoning van redding uit genade alleen deur geloof – hulle wil graag self iets bysit (Paulus se probleem met die Christene in Rome – en daarom 1:16-18; 3:21-24) en oorbeklemtoning van dieselfde werklikheid (Jakobus se probleem met die gelowiges uit die “... twaalf stamme in die diaspora”, 1:1). Dié voorma-lige wet- en letterknegte is so oorweldig deur die evangelie van redding en verlossing uit genade alleen deur geloof dat hulle vergeet dat ’n lewende en werklike geloof na daade van geloof moet lei! Alleen sulke daade bewys dat geloof leef – en soos enige lewende orga-nisme asemhaal.

Jakobus het alreeds beklemtoon dat die beoefening van geloof “in ons Here Jesus Christus” lei na die daad van beoordeling van waardes, motiewe en gedrag (2:1-13). Hy brei dit nou uit na ander praktiese sake: hoe jy mense in nood sien en behandel (vs 14-17) is ’n verdere toets of jou geloof dood is of leef. As voorbeelde van werklike, praktiese, daadkragtige geloof wys hy na Abraham wat gewillig is om op God se bevel Isak te offer (Gen. 22), en Ragab wat die spioene van God se volk beskerm (Jos. 2).

Jakobus sê dat as jy bloot in God glo (en ons kan byvoeg: kerk toe gaan, Bybel lees), is jy niks verskillend van demone nie, want hulle glo en doen ook so – maar is nie gered nie: hulle sidder vir God se oordeel.

Toets jou geloof: Haal dit asem? Alleen daade van gehoorsaamheid, dankbaarheid en liefde in die alledaagse lewe bewys dat jou geloof leef – en dan kan jy ook weet: Ek is vry van God se oordeel.

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. DC (Chris) Coetsee (Emeritus)*